**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**FEB / MAR 2006**

**TIK SG**
**(Eerste Vraestel: Spoed- en Noukeurigheidstoets)**

**TYD: 10 minute**

**PUNTE: 60**

---

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE:**

LEES DIE ONDERSTAANDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR VOORDAT JY MET DIE VRAESTEL BEGIN.

- Tik jou eksamennommer bo-aan elke vel wat vir die beantwoording van hierdie vraag gebruik word.
- Opsieners sal kandidate voorsien van inligting in verband met die vraag.

**INSTRUKSIES AAN OPSIENERS:**

1. Voorsien elke kandidaat van ses velle A4-papier (80g).
2. Die tikonderwyser/es moet verseker dat alle tikmasjiene in goeie werkende toestand is.
3. Geen kool- of korrigeerlinte mag tydens die eksamen gebruik word nie.
4. Dit is essensieel dat 'n tikonderwyser/es een van die opsieners in die tiklokaal moet wees ten einde hulp te verleen indien ? tikmasjien onklaar raak.
5. Kandidate moet ten minste 15 minute voor die aanvang van die eksamen by die tiksentrum aanmeld.
6. Kandidate moet toegelaat word om eers vir ongeveer 10 minute deur die vraestel te lees voordat hulle met Vraag 1 begin. Hulle mag lyne trek en moeilike woorde onderstreep.
7. Beide opsieners moet in besit wees van ? stophorlosie. Die vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets moet deur die tikonderwyser/es waargeneem word. Opsieners mag nie gedurende die afneem van hierdie toets tussen die kandidate rondbeweeg nie.
8. 8.1 Alvorens kandidate met hierdie vraestel begin, moet hulle opdrag gegee word om hulle eksamennommers bo in die **regterhoek** van die antwoordpapier te tik. Nadat al die kandidate hierdie instruksie uitgevoer het, word die teken gegee om met die vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets te begin.
   8.2 Sodra die toegestane tyd vir die noukeurigheidstoets verstreke is, moet die opsiener al die toetse opneem en sy/haar voorletters na die **laaste getikte woord op elke bladsy** plaas. AL die bladsye wat 'n kandidaat gebruik het om **Vraag 1** te beantwoord, moet aanmekaar vasgekram word. **Slegs Vraag 1 se antwoordbladsye moet aanmekaar vasgekram word**.
   8.3 Dit is die verantwoordelikheid van die opsiener om elke kandidaat se vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets na afloop van die tweede vraestel in die korrekte individuele omslag te plaas. Die omslag moet met die tweede vraestel aan die kandidate uitgedeel word.
9. Tydens die afneem van die res van die vraestel, word beweging tussen die kandidate beperk tot die uitreiking van addisionele tikpapier, hulp ingeval van probleme met tikmasjiene, ensovoorts.

---

## VRAAG 1
## SPOED- EN NOUKEURIGHEIDSTOETS

Die spoed-/noukeurigheidstoets moet in dubbel of 1½ reëlafstand op een kant van die bladsy getik word. Gebruik kantruimtes van 10°. ’n Minimum van **35 w.p.m.** word verwag en die spoedgrense word deur **w.p.m.** aangedui.

**TYD: 10 MINUTE** **[60]**

Kinders, adolessente en volwassenes word deur hulle sosiale omgewing geleer om die huwelik en die gesin as die primêre maatskaplike eenheid te aanvaar. Die samelewing is gevolglik meer ingestel op die behoeftes van getroudes en van gesinne as op die behoeftes van alleenlopende mense. Om onder hierdie toestande alleenlopend te wees, bied gevolglik besondere uitdagings en probleme.

Daar was nog altyd ’n sekere aantal alleenlopende mense, alhoewel hul verhouding met betrekking tot die res van die bevolking by tye gewissel het, afhangende van baie faktore, veral die bevolkingssamestelling. Gedurende oorlogstye kan dit byvoorbeeld gebeur dat die manlike bevolking uitgedun raak sodat ’n surplus jong vroue ontstaan. Wat die rede ook al mag wees, die verhouding van mans tot vroue is selde of ooit in volmaakte ewewig, maar selfs al sou so ’n ewewigstoestand verkry word, sal party mense vanweë omstandighede of uit eie keuse, nogtans alleenlopend bly.

Daar is bepaalde omstandighede waarin die alleenloper kan voel dat daar teen hom gediskrimineer word omdat hy alleenlopend is. Om getroud te wees is byvoorbeeld dikwels ’n aanbeveling in die geval van mans wat na senior posisies strewe, omdat daar geglo word dat hul huwelikstatus op ’n mate van bestendigheid dui.

Verskeie navorsers het bevind dat die geestesgesondheid van die enkelvrou beter is as die enkelman. ’n Moontlike rede

hiervoor is dat die enkelvrou makliker betrek word by ondersteunende vriendskappe.

Alleenlopende mense kan dikwels ietwat ambivalent oor hul ongehude staat voel, omdat hulle huiwer tussen die tradisionele waardes, wat die klem laat val op die belangrikheid van die huwelik en van die kerngesin, en meer onlangs .......................... 35 w.p.m. ontwikkelde waardes wat die voordele van getroud wees, beklemtoon. Hierdie ambivalensie kan aanleiding gee tot probleme met die omskrywing van ’n persoon se individuele en openbare identiteit.

’n Besonder belangrike faktor wat ’n individu ....... 40 w.p.m. se waarneming van en sy reaksie op ongehude staat bepaal, is sy of haar rede waarom hy of sy ongetroud is. ’n Persoon wat verkies om ongetroud te bly omdat sy veeleisende beroep bots met die lewenstyl van ’n huwelik en ’n gesin, sal byvoorbeeld sy ............ 45 w.p.m. ongehude staat anders ervaar as die persoon wat vanweë sy eie ongelukkige gesinsgeskiedenis nie in staat is om ’n diep en durende verbintenis met ’n ander persoon aan te gaan nie.

Gevolglik kan dit wees dat die oorlogskorrespondent, die ontdekkingsreisiger, ........................... 50 w.p.m. of die prinsipale van ’n meisieskool nie teen die huwelik gekant is nie, maar meen dat hulle nie in staat is om die gesamentlike eise van die huwelik en die gesin aan die een kant, en die eise van hul beroepe aan die ander kant, die hoof te bied nie. ... 55 w.p.m.

**TOTAAL: 60**

**EINDE**